basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 120

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 40 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) **(90 minute)**

Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.

Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3.1 OF 3.2
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.

VRAAG 1 **(25 minute)**

1.1 Dui die korrekte tydmaattekenverandering op die notebalk onder elke asterisk hieronder (*) aan.

Antwoord:



(2 x 1) (2)

1.2 Skryf die subdominant-drieklank van A majeur in tweede omkering.

Antwoord:



Minus ½ punt vir foutiewe posisie
Enige nootwaarde is aanvaarbaar (1)

1.3 Verander die drieklank hieronder na 'n verminderde drieklank. Skryf die nuwe drieklank in eerste omkering.

Antwoord:




OF




Minus½ punt vir foutiewe posisie
Enige nootwaarde is aanvaarbaar (1)

1.4 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.4.1 Die toonsoort van hierdie melodie is B majeur. Skryf die toonsoortteken neer wanneer die melodie 'n mineur 3de hoër getransponeer word.

Antwoord:



Geen ½ punte (1)

1.4.2 Verander die onderste noot by (M) om 'n interval van 'n vergrote 10de te vorm. Noteer die interval hieronder.


Antwoord:



Geen ½ punte
Enige nootwaarde is aanvaarbaar (1)

1.4.3 Noteer die omkering van die interval by (N). Gebruik skuiftekens in plaas van 'n toonsoortteken.

Antwoord:



Geen ½ punte
Enige nootwaarde is aanvaarbaar (1)

1.4.4 Watter term het die toonoorgestelde betekenis as die karakteraanduiding? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Doppio movimento	~~Serioso~~	Attacca	Agitato

(1)

1.4.5 Watter term verwys na die afkorting in die laaste maat? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Losstaande	Aangehou	Pouse	~~Beklemtoon~~

(1)

1.5 Identifiseer die toonlere/modusse wat in die volgende melodieë gebruik word. Neem slegs die gegewe note in ag.

1.5.1



Antwoord: D harmoniese mineur *D mineur = ½ punt* (1)

1.5.2




Antwoord: F$^{\#}$ chromaties (1)


1.6 Skryf die volgende toonlere/modusse:

1.6.1 Die opgaande heeltoontoonleer wat op die gegewe noot begin

Antwoord:



OF



Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte (2)

1.6.2 Die afgaande miksolidiese modus wat op B begin

Antwoord:



Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte
Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie (2)


[15]

VRAAG 2 **(25 minute)**

Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.

2.1 Gebruik die opening hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm te skep. Skryf in balknotasie OF in solfanotasie.

Konsepantwoord:



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Vorm en kadenspunte	*1 punt per frase x 3*		3
Notasie Balknotasie: polsslae per maat, nootstele, groepering en skuiftekens Solfanotasie: polsslae per maat, ritme- en toonhoogte-aanduidings	*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*		2
Kwaliteit Musikaliteit (omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie)	9–10	***Uitstekend*** *Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van toonsoort; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot keuse van toonhoogtes en ritme*	10
	7–8½	***Goed*** *Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele toonsoort; melodiese kontoer bevredigend; gepaste benadering tot keuse van toonhoogtes en ritme*	
	4–6½	***Gemiddeld*** *Musikaal nie oortuigend nie; nie alle frases duidelik nie; aanvangsmotief nie goed gebruik nie; toonsoort onduidelik; melodiese kontoer onoortuigend; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos*	
	0–3½	***Onaanvaarbaar*** *Maak geen musikale sin nie; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen sin vir toonsoort nie; geen melodiese kontoer nie; toonhoogtes en ritme lukraak*	
TOTAAL	*Nasieners mag ½ punte gebruik*		**15**

[15]

OF


2.2 Skryf 'n oorspronklike twaalfmaat-melodie in drieledige vorm in balknotasie OF in solfanotasie. Skryf vir enige enkellyn melodiese instrument OF stemtipe van jou keuse. Noem die instrument OF stemtipe.

Gebruik die volgende elemente:

- Ritmiese motief: 
- Toonsoort: E mineur – dui dit aan met 'n toonsoortteken of 'n gepaste solfa-aanduiding

Konsepantwoord:
Instrument/Stemtipe:

- Sopraansleutel: Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool/Sopraan/Alt/Tenoor/, ens.
- Bassleutel: Kontrabas/Tjello/Fagot/Tromboon/Eufonium/Bariton, ens.
- Altsleutel: Altviool



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Vorm en kadenspunte	*1 punt per frase x 3*		3
Notasie Balknotasie: polsslae per maat, nootstele, groepering, skuiftekens, aanduiding van sleutel en toonsoortteken Solfanotasie: polsslae per maat, ritme-, toonhoogte- en toonsoortaanduidings	*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*		2
Kwaliteit Toepaslikheid vir instrument of stem (omvang), gebruik van gegewe ritmiese motief, musikaliteit (omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie)	9–10	***Uitstekend*** *Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; gegewe ritmemotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van toonsoort; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot keuse van toonhoogtes en ritme*	10
	7–8½	***Goed*** *Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; gegewe ritmemotief sinvol voortgesit; stabiele toonsoort; melodiese kontoer bevredigend; gepaste benadering tot keuse van toonhoogtes en ritme*	
	4–6½	***Gemiddeld*** *Musikaal nie oortuigend nie; nie alle frases duidelik nie; gegewe ritmemotief nie goed gebruik nie; toonsoort onduidelik; melodiese kontoer onoortuigend; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos*	
	0–3½	***Onaanvaarbaar*** *Maak geen musikale sin nie; frases maak nie sin nie; gegewe ritmemotief geïgnoreer; geen sin vir toonsoort nie; geen melodiese kontoer nie; toonhoogtes en ritme lukraak*	
TOTAAL	*Nasieners mag ½ punte gebruik*		**15**


[15]


VRAAG 3 **(10 minute)**


Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Antwoord:







3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (f) met Romeinse syfers op die partituur, bv. iii^{6}/iii^{b}.

Antwoord: Sien partituur

Minus ½ punt indien omkering of 7de weggelaat of foutief is

(6 x 1) (6)

3.1.2 Besyfer die DRIE akkoorde by (X) en benoem die kadens op die partituur.

Antwoord: Sien partituur

Akkoorde = 3 punte
Kadens = 1 punt

(4 x 1) (4)

3.1.3 Lewer kommentaar op die gebruik van die B-herstel in die basparty van maat 6.

Antwoord:

- Dit is die leitoon van C majeur wat 'n kort modulasie na C majeur aandui.
- Dit skep 'n harmoniese sekwens van maat 5 (met gebruikmaking van 'n sekondêre dominant).
- Dit vorm deel van 'n chromatiese akkoordprogressie in die baslyn vanaf A in maat 5 tot die D in maat 7^{3}.

(1 x 1) (1)

3.1.4 Noem die tipe nie-harmonienote by (i) en (ii).

Antwoord:

(i) (Boonste) Hulpnoot/Wisselnoot
(ii) Terughouding (2 x 1) (2)

3.1.5 Noteer die volgende nie-harmonienote by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agstenootwaarde vir die antwoord.

Antwoord:

(iii) Vooruitneming
(iv) Deurgangsnoot (2 x 1) (2)

[15]

OF

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Antwoord:



3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (f). Skryf die akkoordsimbole in die ruimtes wat bokant die notebalke verskaf is, bv. G/B.

Antwoord: Sien partituur

Minus ½ punt indien akkoorduitbreiding weggelaat of foutief is

(6 x 1) (6)

3.2.2 Die akkoord by (X) is E^{b7}. Skryf die akkoordsimbool vir 'n plaasvervangende akkoord in die spasie bokant die notebalk indien die melodie anders geharmoniseer word.

Antwoord:
- Enige uitbreiding of verandering van E^{b7} ($^{b}9$, 9^{de}, $^{\#}9$, 11^{de}, $^{\#}11$, $^{b}13$, 13^{de}, ens.).
- A^7 (Tritonus-vervanging)
- Enige ander geskikte vervanging

(1 x 1) (1)

3.2.3 Skryf die akkoordsimbole by (m) en (n) en benoem die kadens by (Y) op die partituur.

Antwoord: Sien partituur

Akkoorde = 2 punte
Kadens = 1 punt
Minus ½ punt as 7^{de} weggelaat is

(3 x 1) (3)

3.2.4 Lewer kommentaar op die B-herstel in die sopraanparty in maat 11.

Antwoord:
- Dit is 'n chromatiese deurgangsnoot.
- Dit beweeg na die sewende noot (B^{b}) van C^7.

(1 x 1) (1)

3.2.5 Noem die tipe nie-harmonienote by (i) en (ii).

Antwoord:
(i) (Onderste) hulpnoot/wisselnoot
(ii) Deurgangsnoot (2 x 1) (2)

3.2.6 Noteer die volgende nie-harmonienote by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agtstenootwaarde vir jou antwoord.

Antwoord: Sien partituur
(iii) Terughouding
(iv) Vooruitneming (2 x 1) (2)

[15]

VRAAG 4 **(30 minute)**

Beantwoord: VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Sluit die volgende by jou harmonisasie in:

- Deurgangs- tweede-omkerings($^{6}_{4}$)-progressie
- Onvolmaakte kadens in maat 3–4
- Harmoniese realisering van die gegewe besyfering in maat 3 en 7

Konsepantwoord:



Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Akkoordkeuse	*Sluit aangeduide akkoorde in*		14
Notasie en stemvoering	*8 – (aantal foute ÷ 4)*		8
Kwaliteit	6½–8	***Uitstekend*** *Uitmuntende begrip van koraalstyl; gevorderde akkoordkeuse; gebruik van omkerings bewerkstellig uitstekende progressie; kreatiewe melodiese baslyn; alt en tenoor meestal trapsgewys; verbeeldingryke gebruik van nie-harmonienote; gladde, akkurate of verbeeldingryke stemvoering*	8
	5½–6	***Goed*** *Aanvaarbare begrip van koraalstyl; akkoordkeuse sluit sekondêre akkoorde en omkerings in; baslyn toon goeie balans tussen trapsgewyse beweging en aanvaarbare spronge; alt en tenoor speel 'n bindende rol binne 'n kompakte omvang; meestal gladde en korrekte stemvoering*	
	3½–5	***Gemiddeld*** *'n Beperkte begrip van koraalstyl; akkoordkeuse meestal grondposisie van primêre akkoorde; baslyn onsamehangend, nie duidelik beplan nie; alt and tenoor toon lukrake beweging; stemvoering lukraak met tipiese foute*	
	0–3	***Swak*** *Geen begrip van koraalstyl; onsamehangende akkoorde; stemme is slegs 'ingevul'; geen onderskeibare stemvoering tussen akkoorde nie; onsamehangende of geen baslyn; geen sin vir progressie nie; substansiële aantal foute; feitlik geen poging om die vraag te beantwoord nie; akkoorde losweg of slegs note neergeskryf*	
			(30 ÷ 2)
TOTAAL			**15**

[15]

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Geen punte word vir besyfering van akkoorde toegeken nie.

OF

4.2 Harmoniseer die gegewe melodie hieronder deur ten minste drie note in halfnootwaardes vir elke akkoord in te voeg, soos wat in maat 1 voorgestel word. Sluit die volgende in:

- Harmoniese realisering van die TWEE gegewe akkoordsimbole in maat 1 en 7
- ii – V – I-progressie in F
- Demonstreer 'n plaasvervangende akkoord vir Gm^7 by die asterisk (*)

Konsepantwoord:



Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Akkoordkeuse	*Sluit aangeduide akkoorde in*		14
Notasie en stemvoering	*8 – (aantal foute ÷ 4)*		8
Kwaliteit	6½–8	***Uitstekend*** *Uitmuntende begrip van die voorgestelde jazz-styl; gevorderde akkoordkeuse; gebruik van uitgebreide akkoorde en stemvoerings ('voicings') bewerkstellig uitstekende vloei; verbeeldingryke realisering van stemvoerings in verhouding tot die melodie*	8
	5½–6	***Goed*** *Aanvaarbare begrip van die voorgestelde jazz-styl; akkoordkeuse sluit uitgebreide akkoorde, sekondêre akkoorde en omkerings in; gebruik van uitgebreide akkoorde en stemvoerings bewerkstellig goeie vloei; aanvaarbare realisering van stemvoerings in verhouding tot die melodie*	
	3½–5	***Gemiddeld*** *'n Beperkte begrip van die voorgestelde jazz-styl; akkoordkeuse meestal grondposisies van primêre drieklanke; gebruik van akkoorde en stemvoerings bewerkstellig aanvaarbare vloei, baie basiese realisering van stemvoerings in verhouding tot die melodie*	
	0–3	***Swak*** *Geen begrip van die voorgestelde jazz-styl nie; onsamehangende akkoorde; geen ware progressie en stemvoering nie; lukrake akkoorde; 'n substansiële aantal foute; feitlik geen poging om die vraag te beantwoord nie; akkoorde en note losweg neergeskryf*	
			(30 ÷ 2)
TOTAAL			**15**

[15]

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Geen punte word vir akkoordsimbole toegeken nie.

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)

Beantwoord AFDELING B, C, D en E in die ANTWOORDEBOEK.

Nota aan nasiener: Een punt word vir elke korrekte feit toegeken. Kandidate moet gekrediteer word vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn gegee word nie.

AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer, bv. 5.1.5 E.

5.11 Kopiereg …

Antwoord: C (is nie van toepassing op musiek in die openbare domein nie)

5.1.2 Tantième …

Antwoord: D (Geeneen van die bogenoemde nie)

5.1.3 SAMPRA …

Antwoord: A (kollekteeragentskap wat naaldtydregte administreer.)

5.1.4 'n Komponis …

Antwoord: D (Al die bogenoemde) (4 x 1) (4)

5.2 Verduidelik *meganiese regte*.

Antwoord:
- Die reg om 'n meestersnit in enige ander hoorbare formaat te produseer.
- Tantième word aan die outeur (liedjieskrywer of komponis/liriekskrywer) betaal wanneer hulle werk gereproduseer word.
- Hierdie regte word deur CAPASSO in Suid-Afrika geadministreer.

(2 x 1) (2)

5.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (5.3.1 tot 5.3.4) neer, bv. 5.3.5 Onwaar.

5.3.1 Kopiereg is slegs vir 50 jaar ná die skeppingsdatum van die komposisie geldig.

5.3.2 Om bladmusiek waarop kopiereg bestaan vir 'n openbare konsert te kopieer, word nie as musiekroof beskou nie.

5.3.3 Die waardeketting verwys na die proses van musiekskepping en verspreiding.

5.3.4 Kollekteeragentskappe samel inligting oor musiekroof in.

Antwoord:

5.3.1	Onwaar
5.3.2	Onwaar
5.3.3	Waar
5.3.4	Onwaar

(4 x 1) (4)

TOTAAL AFDELING B: 10

Beantwoord AFDELING C (IAM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.

AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

VRAAG 6

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer, bv. 6.1.5 E.

6.1.1 Watter EEN van die volgende instrumente is 'n chordofoon?

Antwoord: D (Al die bogenoemde)

6.1.2 'n Kenmerk van mbaqanga-musiek is …

Antwoord: D (Al die bogenoemde)

6.1.3 'n Tipiese kwêla-akkoordprogressie is …

Antwoord: B (I – IV – V – I)

6.1.4 *Wena Wedwa* is 'n lied deur …

Antwoord: B (Thee Legacy) (4 x 1) (4)

6.2 Definieer die volgende terme:

6.2.1 Improvisasie

Antwoord:
Die spontane skep van musiek in die oomblik deur melodieë, harmonieë of ritmes in antwoord op 'n gegewe musikale stimulus te gebruik.

6.2.2 Ululasie

Antwoord:
'n Hoë vokale trilklank wat in inheemse Afrika-musiek aangetref word en wat emosie, soos vreugde, lof of opwinding, uitdruk.

6.2.3 Malombo-musiek

Antwoord:
'n Vokale/Instrumentale musiekstyl wat die Vhavenda en Bapedi-tromstyl met elemente van jazz en Amerikaanse populêre musiek kombineer.
(3 x 1) (3)

6.3 Kies TWEE inheemse danse wat jy bestudeer het en gee 'n bondige beskrywing van die dansbeweging(s) van ELK.

6.3.1 Tshikona

Antwoord:
- Die dans word in 'n sirkelformasie vanaf die middel buitentoe uitgevoer.
- Dit word deur mans uitgevoer wat gelyktydig dans en op pype (fluite) speel.

6.3.2 Borankana

Antwoord:
- Manlike dansers voer vinnige ritmiese passies uit terwyl hulle 'n stok wat in die sand gedruk is, met een hand vashou om ouer Basarwa-dansers, wat die stok gebruik om te balanseer, na te boots.
- In borankana boots die arms van die dansers die horings van 'n bees na. Dit bevestig die belangrikheid van beeste in die lewe van die Batswana.

6.3.3 Muchongolo

Antwoord:
- Een danser/groep waai met die arms en spring van die grond af boontoe, terwyl die ander groepslede hulle voete stamp en lippe tuit asof hulle in kompetisie met mekaar is.
- Voetestamp word gedoen deur voete en knieë op te lig terwyl hulle in een posisie bly staan.
- Manlike dansers voer 'n konfrontasie tussen twee oorlogvoerende kampe of xintu (tradisie) en xilungu (leefwyses van blankes) op.

6.3.4 Mohobelo

Antwoord:
- Mans stap, gly en stamp hulle voete terwyl hulle versierde stokke van kant tot kant en oor hulle koppe swaai.
- Alhoewel die dans gechoreografeer is, sal een groepslid elke nou en dan van die groep wegbreek en improviseer (oa thala), terwyl hierdie spontane bewegings met krepitasie aangevul word om die gehoor en ander dansers op te sweep.

6.3.5 Isitshikitsha

Antwoord:
- Mans lig hulle voete kniehoogte en stamp dit dan op die grond.
- In isitshikitsha word twee verskillende ritmebewegings gebruik waartydens een ritme altyd die ander ritme onderbreek voordat dit te eentonig word. Op hierdie manier word 'n herhalende patroon geskep.
- Ledemate word vaardig gebruik om te dramatiseer.

6.3.6 Indlamu

Antwoord:
- Dit is ‘n tradisionele amaZulu-oorlogsdans wat voetestamp insluit.
- In isizingili is daar minder voetestamp, maar meer trap en skop as isikhuze.
- In isikhuze is die ingange en uitgange van die opvoering militaristies en lineêr. Dit is afgelei uit die oorspronklike manlike oorlogsdans waar voordansers aan die kant van die lyn marsjeer.

6.3.7 Dinaka

Antwoord:
- Dit word uitgevoer deur 'n groep manlike dansers wat in 'n sirkel antikloksgewys rondom 'n groep tromspelers (wat tradisioneel vroue is) beweeg.
- Die dansers swaai hulle *kilts* met baie energie om hulle onderklere (gewoonlik onderrokke) te wys, en dit voeg dramatiese humor by die opvoering/dans.

6.3.8 Isibhaca

Antwoord:
- Dit is 'n streng gestruktureerde dans gekenmerk deur voetestamp (ukusina) wat in unisoon deur 'n groep mans gedoen word.
- Dansers swaai hulle bene en buig dit na die onderarms toe, daarom word die dans ook ikhwapha (onderarm) genoem.
- Gedurende die opvoering vertoon die dansers dikwels hulle versierde stokke (gewoonlik rooi en wit geverf).

(2 x 2) (4)

6.4 Kies die item in KOLOM B wat by die kunstenaar of styl in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagommers (6.4.1 tot 6.4.5) neer, bv. 6.4.6 F.

KOLOM A		KOLOM B	
6.4.1	Kwêla	A	*Banana ba Rustenburg*
6.4.2	Spokes Mashiyane	B	Umgqashiyo
6.4.3	Philip Tabane	C	*Umama*
6.4.4	Mbaqanga	D	*Phamba Madiba*
6.4.5	Inkunz 'Emdaka	E	Musiek beïnvloed deur marabi gebaseer op penniefluitjie

Antwoord:

6.4.1	E
6.4.2	A
6.4.3	D
6.4.4	B
6.4.5	C

(5 x 1) (5)

6.5 Beskryf *harmonie* in inheemse Afrika-musiek.

- Die meeste tradisies in Afrika-musiek is gebaseer op modale of pentatoniese toonlere wat akkoord-/harmoniese progressies beïnvloed.
- Afrika-musiek word gekenmerk deur herhalende sikliese patrone en akkoordprogressies.
- Akkoordprogressie I – IV – V word algemeen gebruik.
- Parallelle harmonieë word aangewend waar stemme of instrumente parallel beweeg, dikwels in 3^{des}, 4^{des} of 5^{des}.
- Sommige Afrika-musiek-tradisies word gekenmerk deur dreunagtige toonhoogtes wat 'n harmoniese basis vir melodiese improvisasie verskaf.
- Veelvuldige melodiese lyne word laag-op-laag gestapel en verskaf ryk, digte harmoniese teksture.
- Inheemse Afrika-musiek bevat dikwels modale wisseling waar verskillende toonlere of modusse in 'n enkele werk aangewend word om komplekse en subtiele harmonieë te skep.
- Sing in stemme, wat SATB insluit, is 'n algemene kenmerk waar veelvuldige stempartye gelyktydig gesing word wat komplekse harmonieë skep.
- Noue stemvoering is algemeen waar note naby mekaar gespasieër word wat 'n digte en ryk harmoniese tekstuur skep.

(4 x 1) (4)

[20]

VRAAG 7

Gee 'n kort geskiedenis van die penniefluitjie en verduidelik hoe dit die hoofinstrument in kwêla-musiek geword het.

Antwoord:

- Die penniefluitjie het ontstaan in die tyd toe Afrika-veewagters rietfluite uit bamboes gemaak het, wat hulle *mahlaka/impempenanga* genoem het. Dit het gedien as vermaak terwyl hulle beeste opgepas het.
- Gedurende die 1930's en 1940's het veewagters na stede gemigreer en die maklik bekombare Duits-vervaardigde blikfluitjie het 'n betroubare plaasvervanger vir die inheemse rietfluite geword.
- Die penniefluitjie was bekostigbaar en maklik toeganklik omdat dit binne die speler se gordel gebêre kon word en in die loop bespeel kon word.
- Die penniefluitjie het al meer gewild geword en is gebruik vir kwêla-opvoerings op straathoeke.
- Die gewildheid van kwêla is vermeng met die swing-jazz-ritme wat op populêre radiostasies gehoor is.
- Die penniefluitjie se kwêla-klank het sinoniem geword met die 'kwêla-kwêla' (waarskuwing dat die polisie op pad is) wat die tipiese straatdobbel en straatmusiekaktiwiteite van die tyd met mekaar koppel.
- Kwêla-musiek word gedefinieer deur die melodiese lyn van die penniefluitjie en later die saksofoonklank.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 8

Skryf 'n paragraaf waarin jy die rol van die kitaar in maskanda bespreek.

Antwoord:
Maskanda

- Die kitaar is die hoofinstrument van maskanda waarsonder die styl nie bestaan nie.
- Die kitaar word gebruik om izihlabo te speel – 'n inleiding wat 'n maskandi se persoonlike styl vertoon.
- Die akoestiese kitaar speel 'n unieke ritme en pluk 'n spesifieke perkussiewe klank wat aan umakhweyana herinner.
- Die kitaar is ook die instrument wat die hele orkes/groep lei en alle elemente moet by die styl van die kitaarstemstelsel en begeleiding inpas.
- Die kitaar verskaf harmoniese ondersteuning.
- Die baskitaar (ubhesi) is die hartklop van maskanda en die groep maak baie staat op die vaardighede van die baskitaarspeler vir tempo ná die vrye metrum van die izihlabo.
- Die baskitaarspeler voorsien die ritmiese dryfkrag van 'n maskanda-lied en speel dikwels dieselfde ritme as die tromstel.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 9

Verduidelik hoe kinders se musikale vaardighede in tradisionele Afrika-gemeenskappe ontwikkel word.

Antwoord:

- Kinders word aan verskillende Afrika-ritmes blootgestel:
  - Vanaf 'n jong ouderdom deur speletjies
  - Deur ritmiese patrone in dansbewegings
  - Deur blootstelling aan kruisritmes en sinkopasie
- Kinders word vanaf die babastadium aan tradisionele Afrika-liedere blootgestel deur die sang van die persoon wat na hulle omsien.
- Musikale geheuevaardighede word ontwikkel deur die herhalende aard waardeur kinders liedere deur nabootsing aanleer; dit help hulle om ritme, melodie en vorm te internaliseer.
- Deelname aan groepsaktiwiteite, bv. handeklap, trom speel en dans ontwikkel ook kinders se sosiale vaardighele.
- Kinders word aangemoedig om te improviseer en dit ontwikkel selfvertroue, gehoorbewustheid, geheue, sowel as kognitiewe en interpersoonlike vaardighede.
- Roep-en-antwoord-opvoerelemente in voordrag bevorder 'n samewerkende gees en help kinders om hulle luistervaardighede te ontwikkel.
- Kinders ontwikkel vokale uithouvermoë en beheer deur tegnieke soos keelsang en melisma.
- Kinders leer deur komplekse harmonieë wat deur volwassenes gesing word, na te boots wat kinders se gehoor en vokale vaardighede ontwikkel.
- Afrika-gemeenskappe neem dikwels deel aan gemeenskaplike musiekmaak-aktiwiteite wat kinders blootstel aan verskillende harmoniseringspatrone en hulle aanmoedig om deel te neem.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 10

Skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe melodie en ritme gebruik word om kwêla van ander moderne Afrika-style te onderskei.

Jy sal krediet ontvang vir die formaat van die opstel en die relevansie van jou argumente.

Antwoord:
Voorbeeld van 'n inleiding
Kwêla se unieke kenmerke word meestal bepaal deur die gekombineerde eienskappe van melodie en ritme.

Melodie
- Kwêla is die enigste styl waarin melodieë oorspronklik op die penniefluitjie gespeel is
- Die melodiese omvang van kwêla is beperk as gevolg van die eenvoudige aard van die penniefluitjie terwyl
  - marabi-melodieë klawerbord-gebaseerd is, en mbaqanga-melodieë dikwels op saksofoon, orrel of kitaar gespeel word, wat almal 'n wye toonhoogte-omvang het.
- Die penniefluitjie het 'n sterk invloed uitgeoefen op die melodiese struktuur van kwêla omdat dit slegs in 'n enkele (majeur) toonsoort kon speel:
  - in vergelyking met ander moderne Afrika-style waar die melodieë in verskeie toonsoorte kon wees omdat die melodiese instrumente tot meer in staat is.
- Basiese kwêla-komposisies en -melodieë is gemodelleer op die ge-arpeggieerde akkoordnote van die harmoniese progressie, terwyl
  - die musiek van maskanda en isicathamiya meer trapsgewyse beweging sou gebruik.
- Kwêla-melodieë is die enigstes wat deur ghoema-liedjies beïnvloed is in vergelyking met die ander moderne konstruksies in IAM.
- Kwêla-melodieë word bepaal deur die harmoniese siklus I – IV – I^6_4 – V (of 'n basiese I - IV - V) anders as die vryer harmoniese progressies in ander style.

(8 x 1)

Ritme
- Kwêla-ritme word oor die algemeen geswing terwyl die meeste van die ander style op 'n reguit polsslag gebaseer is.
- Die basiese ritme in vroeë kwêla word deur die kitaar/banjo verskaf eerder as deur die tromstel of die Afrika-trom.
- Die ritme het 'n wiegende skiffel wat hoofsaaklik deur die kitaar/banjo verskaf word, teenoor
  - mbaqanga wat 'n sterk reguit voortstuwing het wat hoofsaaklik deur die baskitaar verskaf word.
- Basiese skiffel-ritme: 
- Kwêla se wortels is in beide swing jazz en Afrika-ritme, die kombinasie daarvan het die tipiese kwêla ritme tot gevolg:
  - Die basiese polsslag van die kitaarlyn word onderverdeel in twee, terwyl die ander instrumentale lyne (veral dié van die penniefluitjie) geswing word.
  - Dit het 'n subtiele twee-teen-drie-kruisritme tussen die instrumente tot gevolg.

(5 x 1)

Voorbeeld van 'n slot
Vanaf die vroegste voorbeelde van kwêla deur na die latere ontwikkeling van die styl is die basiese elemente van melodie en ritme gebruik om hierdie styl van ander moderne Afrika-style te onderskei.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Melodie			8
Ritme			5
Opstelformaat	***Uitstekend*** • *'n Inleiding, slot en substansiële argument in die middeldeel van die opstel* • *Geen opskrifte of puntsgewyse feite nie* • *Verbeeldingryke gebruik van volsinne*	*= 1 punt*	1
	Gemiddeld • *Gedeeltelike nakoming van opstelformaat, bv. inleiding maar geen slot nie, of slot maar geen inleiding nie* • *Gebruik van opskrifte in 'n opstel wat andersins voldoen aan opstelformaat; gebruik van puntsgewyse feite spesifiek wanneer items gelys word* • *'n Konsekwente gebruik van volsinne*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar nie • *Geen poging om 'n opstel te skryf nie, slegs 'n enkele paragraaf* • *Geen inleiding of slot nie* • *Puntsgewyse skryfwyse en/of opskrifte deurgaans* • *Gebruik van volsinne is beperk*	*= 0 punte*	
Relevansie van argument	***Uitstekend*** • *Logiese argument wat deurgaans toepaslik tot die onderwerp bly*	*= 1 punt*	1
	Gemiddeld • *Argument meestal logies maar met sommige misplaaste en/of irrelevante stellings* • *Slotparagraaf/inleiding nie relevant tot die middeldeel van die argument nie*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar • *Die opstel hou nie verband met die onderwerp nie*	*= 0 punte*	
TOTAAL		**15**	**[15]**

TOTAAL AFDELING C: 50

OF

AFDELING D: JAZZ

VRAAG 11

11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.4) neer, bv. 11.1.5 E.

11.1.1 Watter EEN van die volgende instrumente is 'n membranofoon?

Antwoord: D (Snaartrom)

11.1.2 'n Kenmerk van mbaqanga-musiek is …

Antwoord: D (Al die bogenoemde)

11.1.3 Watter van die volgende instrumente sal musiek hê wat slegs in die bassleutel geskryf word?

Antwoord: D (Geeneen van die bogenoemde nie)

11.1.4 'n Tipiese kwêla- en marabi-akkoordprogressie is …

Antwoord: B (I – IV – I^6_4 – V) (4 x 1) (4)

11.2 Definieer die volgende terme:

11.2.1 Sekwens

Antwoord: 'n Herhaling van 'n motief/patroon op 'n hoër of laer toonhoogte in dieselfde stem.

11.2.2 Sinkopasie

Antwoord: 'n Beklemtoning van swak polsslae in die plaas van die gebruiklike sterk polsslae

11.2.3 Scat-sang

Antwoord: Die gebruik van geïmproviseerde onsin-lettergrepe in plaas van lirieke, bv. 'doo-wop' wat dikwels gedurende vokale improvisasie gebruik word. (3 x 1) (3)

11.3 Wat is die verskil tussen *akkoorduitbreiding* en *akkoordplaasvervanging*?

Antwoord:

- Akkoorduitbreiding voeg note (soos 7^{des}, 9^{des}, 11^{des} en 13^{des}, add9, add2, add6, ens.) by 'n basiese akkoord, terwyl akkoordplaasvervanging een akkoord met 'n ander vervang.
- Akkoorduitbreiding skep 'n ryker, meer komplekse klank terwyl die akkoord se grondnoot en funksie behou word, terwyl akkoordplaasvervanging harmoniese variasie skep deur dikwels akkoorde te kies met gemeenskaplike tone, maar verskillende kwaliteite, bv. Cm met A^bmaj7.

(2 x 1) (2)

11.4 Dui aan of die volgende stellings met betrekking tot die blues WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (11.4.1 tot 11.4.3) neer, bv. 11.4.4 Onwaar.

11.4.1 Dit is hoofsaaklik 'n klawerbordstyl.

Antwoord: Onwaar

11.4.2 Dit het 'n vasgestelde akkoordsiklus.

Antwoord: Waar

11.4.3 Improvisasie is tot die inleiding beperk.

Antwoord: Onwaar

(3 x 1) (3)

11.5 Kies die lied/stuk in KOLOM B wat by die kunstenaar/groep in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (11.5.1 tot 11.5.5) neer, bv. 11.5.6 F.

KOLOM A	KOLOM B
11.5.1 Kwêla	A *eBhofolo*
11.5.2 Feya Faku	B *Banana ba Rustenburg*
11.5.3 Marabi	C *Langa More*
11.5.4 Avant-garde jazz	D *Jikela Emaweni*
11.5.5 The Flying Jazz Queens	E *The Colours They Bring*

Antwoord:

11.5.1	B
11.5.2	E
11.5.3	D
11.5.4	A
11.5.5	C

(5 x 1) (5)

11.6 Beskryf *roep en antwoord*.

Antwoord:

- Dit is die struktuur wat in baie Afrika-style gebruik word waarin 'n melodiese motief/frase uitgeroep of gesing word (deur die hoofsanger) en waarop gereageer word met 'n antwoordfrase (deur die agtergrondsangers/koor).
- Daar mag oorvleueling plaasvind in roep en antwoord waar die antwoord begin voor die roep voltooi is.
- Die antwoord mag 'n direkte nabootsing of eggo van die roep wees, of dit kan nuwe idees bevat.
- Roep en antwoord kom voor:
  - tussen verskillende seksies in big band verwerkings.
  - tussen stemme en instrumente.
  - tussen die hoofsanger en agtergrondsangers.

(3 x 1) (3)
[20]

VRAAG 12

Skryf 'n paragraaf waarin jy Zim Ngqawana se musiekstyl beskryf.

Antwoord:

- Hy het geglo dat elke musiekstuk betekenis het en verbind is aan die gemeenskap, plekke en die omgewing.
- Hy het diverse invloede op sy musiek vermeng:
  - Tradisionele antieke amaXhosa-ritmes en -liedere is met sy eie persoonlike interpretasie van jazz vermeng.
  - Abdullah Ibrahim se Afrika-melodieë en harmoniegebruike is teenwoordig.
  - Westerse kerkharmonieë het sy geestelike werke beïnvloed.
  - Vanweë sy samewerking met Noorweegse musici kan die volkstradisies van Noorweë in sy musiek gehoor word.
  - Spore en invloede van musiekgenres, bv. Westerse klassieke musiek, bop en hard bop, funk, samba en tango is almal hoorbaar in sy komposisies.
  - Sy idees spruit uit diverse kulturele agtergronde, bv. Indies, Midde-Oosters en Latyns-Amerikaans.
- 'n Avant-garde benadering tot musiek lei tot 'n atonale en vrye styl.
- Hoekige melodielyne en onreëlmatige harmoniese ritmes toon 'n moderne en progressiewe benadering tot frasering en kadensgebruik.
- Sy sterk beklemtoning van improvisasie in sy komposisies word ontleen aan 'n sin vir spontaneïteit in voordrag of die verkenning van klank.
- Hierdie vorm van improvisasie (beide in sy solo's en in die struktuur self) vervaag die grense van tradisionele struktuur en timbres.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 13

Gee 'n kort geskiedenis van die penniefluitjie en verduidelik hoe dit die hoofinstrument in kwêla-musiek geword het.

Antwoord:

- Die penniefluitjie het ontstaan in die tyd toe Afrika-veewagters rietfluite uit bamboes gemaak het, wat hulle *mahlaka/impempenanga* genoem het. Dit het gedien as vermaak terwyl hulle beeste opgepas het.
- Gedurende die 1930s en 1940s het veewagters na die stede gemigreer en die maklik bekombare Duits-vervaardigde blikfluitjie het 'n betroubare plaasvervanger vir die inheemse rietfluit geword.
- Die penniefluitjie was bekostigbaar en maklik toeganklik omdat dit binne die speler se gordel gebêre kon word en in die loop bespeel kon word.
- Die penniefluitjie het al meer gewild geword en is gebruik vir kwêla-voordragte op straathoeke.
- Die gewildheid van kwêla is vermeng met die swing jazz-ritme wat op populêre radiostasies gehoor is.
- Die penniefluitjie se kwêla-klank het sinoniem geword met die 'kwêla-kwêla' (waarskuwing dat die polisie op pad is) en wat die tipiese straatdobbel en straatmusiekaktiwiteite van die tyd verbind het.
- Kwêla-musiek word gedefinieer deur die melodiese lyn van die penniefluitjie en later deur die saksofoonklank.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 14

Bespreek die Afrika- en internasionale invloede in die musiek van The Brotherhood of Breath.

Antwoord:
Afrika-invloede

- Hierdie groep behou die Afrika-klank deur marabi, mbaqanga en kwêla met meer progressiewe idees te vermeng.
- Sikliese harmoniese progressies wat gebruik word, is:
  - die tradisionele Afrika 2-akkoord siklus
  - die 4-akkoord marabi- of kwêla-progressie

Internasionale invloede

- Die musiek inkorporeer die big band swing-styl van Amerikaanse oorsprong, sowel as 'n Britse big band-tradisie.
- Die voortstuwende Amerikaanse blues-styl is ook duidelik.
- Invloede van Duke Ellington, Charles Mingus en Thelonious Monk word ingesluit.
- Invloede van Duke Ellington is duidelik in partye wat vir individuele musici in plaas van instrumente geskryf is.
- Vrye improvisasie sonder die verwysing na 'n onderliggende akkoordstruktuur (wat tipies is van progressiewe Amerikaanse jazz), word ook in sy musiek gehoor.
- Hulle avant-garde verwerkings is beïnvloed deur die atonale progressiewe internasionale tendense.
- Die groep vermeng 'n sterk samesmelting van Suid-Afrikaanse musiek en die klanke van die ontwikkelende Britse jazz-toneel.

Beide invloede moet in die antwoord ingesluit word

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 15

Skryf 'n opstel oor Abdullah Ibrahim se musiek. Verwys na sy persoonlike styl van klavierspel en sy gebruik van harmonie en melodie oor die algemeen. Noem ook die plaaslike stylinvloede in sy komposisie *Mannenberg*.

Jy sal krediet ontvang vir die formaat van die opstel en die relevansie van jou argumente.

Antwoord:
Voorbeeld van 'n inleiding
Abdullah Ibrahim was vir die afgelope sewe dekades 'n belangrike figuur in die wêreld van jazz, en meer spesifiek Cape jazz. Sy unieke styl van klavierspel, wat elemente van Afrika-ritmes, jazz-harmonie en klassieke musiek naatloos vermeng, het geslagte van musici geïnspireer.

Persoonlike styl van klavierspel
- Abdullah Ibrahim se musiek is bekend vir sy gefokusde melodiese en liriese kwaliteit.
- Hy gebruik gereeld komplekse poliritmes en kombineer dikwels verskillende ritmepatrone in elke hand.
- Hy gebruik 'n reeks pedaaltegnieke om subtiele dinamiese verstellings en tonale patrone te skep.
- Hy was 'n meesterlike improviseerder in staat om samehangende en betekenisvolle solo's te bewerk.
- Uitdrukkingsvolle eienskappe sluit in:
  - spel wat gekenmerk word deur 'n diep emosionele intensiteit, wat hartstog en toewyding oordra.
  - 'n spirituele of meditatiewe kwaliteit wat sy belangstelling in Soefisme en Afrika-spiritualiteit reflekteer.
  - spel wat gewoonlik narratief-gedrewe is met elke werk wat 'n verhaal vertel of wat 'n sin vir plek of ervaring bevat.
  - musiek wat 'n diep verbintenis met Afrika-musiektradisies se klem op ritme, melodie en storievertelling het.
- Invloede van Duke Ellington en Thelonious Monk is duidelik in sy spel.

(4 x 1)

Gebruik van harmonie en melodie
- Hy kombineer dikwels verskillende modusse om 'n eiesoortige harmoniese styl te skep.
- Sy musiek bevat dikwels pentatoniese toonleersisteme.
- Gewysigde dominante word gereeld gebruik om spanning en oplossing te skep.
- Terugkerende melodiese motiewe skep musikale eenheid.
- Hy vermeng 17de-eeuse harmoniese progressies met jazz-elemente (bv. blues), en dit het die tipiese klank van Cape jazz geword.
- Melodiese eienskappe sluit in:
  - volksagtige melodieë binne 'n noue omvang en met hoofsaaklik trapsgewyse beweging.
  - blues kenmerke, bv. blou note.
  - improvisasie.

(5 x 1)

Plaaslike stylinvloede op *Mannenberg*

- Die Cape jazz-klank in *Mannenberg* is die gevolg van die vermenging van verskeie Suid-Afrikaanse style soos:
  - 'n marabi-stemming ('groove') en harmoniese progressie;
  - 'n stadige ghoema-trom-polsslag;
  - saksofone wat langarm-tipe melodieë speel;
  - baslyn en harmoniese siklus van mbaqanga;
  - die perkussiewe klavierklank wat die mbira naboots;
  - die sikliese aard van die melodiese motiewe wat herinner aan die Afrika-klank; en
  - roep en antwoord tussen die klavier en saksofone.

(4 x 1)

Voorbeeld van 'n slot
Abdullah Ibrahim se unieke vermenging van invloede, emosionele diepte en tegniese vernuf het 'n eiesoortige klank geskep wat steeds musici van oor die wêreld inspireer.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Persoonlike styl			4
Gebruik van harmonie en melodie			5
Plaaslike stylinvloede op *Mannenberg*			4
Opstelformaat	***Uitstekend*** • *'n Inleiding, slot en substansiële argument in die middeldeel van die opstel* • *Geen opskrifte of puntsgewyse feite nie* • *Verbeeldingryke gebruik van volsinne*	*= 1 punt*	1
	Gemiddeld • *Gedeeltelike nakoming van opstelformaat, bv. inleiding maar geen slot nie, of slot maar geen inleiding nie* • *Gebruik van opskrifte in 'n opstel wat andersins voldoen aan opstelformaat; gebruik van puntsgewyse feite spesifiek wanneer items gelys word* • *'n Konsekwente gebruik van volsinne*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar • *Geen poging om 'n opstel te skryf nie, slegs 'n enkele paragraaf* • *Geen inleiding of slot nie* • *Puntsgewyse skryfwyse en/of opskrifte deurgaans* • *Gebruik van volsinne is beperk*	*= 0 punte*	
Relevansie van argument	***Uitstekend*** • *Logiese argument wat deurgaans toepaslik op die onderwerp bly*	*= 1 punt*	1
	Gemiddeld • *Argument meestal logies maar met sommige misplaaste en/of irrelevante stellings* • *Slotparagraaf/inleiding nie relevant tot die middeldeel van die argument nie*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar • *Die opstel hou nie verband met die onderwerp nie*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING D: 50

OF

AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

VRAAG 16

16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.4) neer, bv. 16.1.5 E.

16.1.1 'n Nuwe instrument wat by Mendelssohn se *Hebrides* gevoeg is, is die…

Antwoord: D (Geeneen van die bogenoemde nie)

16.1.2 'n Simfoniese gedig of toondig …

Antwoord: D (Al die bogenoemde)

16.1.3 'n Koda word gewoonlik … aangetref.

Antwoord: B (aan die einde van die werk)

16.1.4 'n Standaard- Klassieke orkes bevat altyd 'n …

Antwoord: B (Franse horing) (4 x 1) (4)

16.2 Definieer die volgende terme:

16.2.1 Sinkopasie

Antwoord:
'n Beklemtoning van swak polsslae in plaas van die gebruiklike sterk polsslae.

16.2.2 Vergroting

Antwoord:
'n Komposisietegniek wat musikale materiaal verleng, bv. nootwaardes (gewoonlik verdubbel), intervalle of hele melodiese frases.

16.2.3 Sekwens

Antwoord:
'n Herhaling van 'n melodiese motief/patroon op 'n hoër of laer toonhoogte in dieselfde stem.

(3 x 1) (3)

16.3 Wat is die verskil tussen *absolute musiek* en *programmusiek*?

Antwoord:
- Absolute musiek is musiek om musiek se onthalwe sonder buite-musikale assosiasies, terwyl programmusiek buite-musikale assosiasies soos 'n skildery, verhaal of gedig oproep.
- Absolute musiek-komposisies het nie beskrywende titels nie, terwyl programmusiek gewoonlik beskrywende titels het en die komponis programnotas mag verskaf om die program te verduidelik.

(2 x 1) (2)

16.4 Dui aan of die volgende stellings met betrekking tot 'n aria WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (16.4.1 to 16.4.3) neer, bv. 16.4.4 Onwaar.

16.4.1 Dit is 'n vokale styl wat die natuurlike spraakritme volg.

Antwoord: Onwaar

16.4.2 Dit is 'n vokale element met 'n reflektiewe karakter vir solostem.

Antwoord: Waar

16.4.3 Dit is 'n vokale element van opera wat die narratief (storie) dra.

Antwoord: Onwaar

(3 x 1) (3)

16.5 Noem VIER verskille tussen *opera seria* en *opera buffa*.

Antwoord:
- Die onderwerpe in opera seria is ernstig en formeel terwyl die onderwerpe in opera buffa lighartig is en komiese elemente bevat.
- In opera seria word temas soos mitologie, helde en konings ingesluit, terwyl opera buffa temas soos grapmakers en gewone mense (werkers, boere) bevat.
- Opera seria is gewoonlik in drie bedrywe terwyl opera buffa gewoonlik twee bedrywe het.
- Opera seria bevat selde gesproke dialoog, terwyl opera buffa gesproke dialoog mag bevat.

(4 x 1) (4)

16.6 Definieer die genre *simfonie*.

Antwoord:

- 'n Simfonie is 'n multi-beweging werk vir simfonie-orkes.
- Elke beweging het 'n selfstandige vorm (sonate - episodiese - menuet en trio - sonate/sonaterondo) en tempo-aanduiding (vinnig - stadig - matig - vinnig).
- Die eerste, derde en laaste bewegings is gewoonlik in die tonika toonsoort terwyl die tweede beweging in 'n verwante toonsoort is.

(3 x 1) (3)

16.7 Noem EEN nie-transponerende dubbelriet-houtblaasinstrument.

Antwoord: Fagot/hobo *(1 x 1)* (1)
[20]

VRAAG 17

Skryf 'n paragraaf waarin jy die voorgeskrewe aria beskryf wat deur 'n karakter met 'n basstem in *Die Towerfluit* gesing word. Verwys na die titel, karakter, tempo-aanduiding, toonsoort en konteks in jou antwoord.

Antwoord:

Titel:	*O Isis und Osiris*
Karakter:	Sarastro (met 'n koor van priesters)
Tempo-aanduiding:	Adagio
Toonsoort:	F majeur
Konteks:	Dit is 'n gebed aan die gode Isis en Osiris om Tamino en Papageno te beskerm wanneer hulle toetse moet ondergaan om hulle verdienstelikheid te bewys.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 18

18.1 Kies TWEE orkes-/komposisietegnieke van die Mannheim-skool en beskryf hoe Beethoven dit in sy *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op.68* gebruik het.

18.1.1 Mannheim-crescendo

Antwoord:
Beethoven het wye dinamiese kontraste en skielike/vinnige crescendi en decrescendi in die vierde beweging *Donderstorm (Gewitter Sturm)* gebruik.

18.1.2 Mannheim-klimaks

Antwoord:
Die vierde beweging bou op na 'n groot klimaks, waarna die musiek bedaar en kalmer word.

18.1.3 Mannheim-sug

Antwoord:
Die vyfde beweging bevat uitdrukkingsvolle appoggiaturas aan die einde van frases en motiewe. (2 x 2) (4)

18.2 Skryf die titel en tempo-aanduiding van die vierde beweging van Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68* neer.

Antwoord:
Titel: *Donderstorm (Gewitter Sturm)*
Tempo: Allegro (2 x ½) (1)
[5]

VRAAG 19

Verduidelik *menuet en trio*.

Antwoord:
- Dit is 'n uitgebreide ABA/drieledige vorm en word ook saamgestelde drieledige vorm genoem (Menuet-Trio-Menuet).
- Beide menuet en trio is selfstandige werke, gewoonlik in afgeronde tweeledige vorm.
- Die toonsoorte van die menuet en trio is verwant.
- Die karakter en tempo mag verskil tussen die menuet en trio.
- Die herhaling van die menuet na die trio word gewoonlik aangedui deur 'n da Capo al Fine teken.
- Beide menuet en trio is in drieslagmaat.
- Die derde beweging van 'n simfonie of sonate is tipies in menuet en trio-vorm.

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 20

Skryf 'n opstel oor *Hebrides* deur F Mendelssohn waarin jy die inspirasie agter hierdie komposisie en hoe dit in die musiek voorgestel word, beskryf. Beskryf ook die spesifieke genre en styleienskappe van hierdie komposisie.

Jy sal krediet ontvang vir die formaat van die opstel en die relevansie van jou argumente.

Antwoord:
Voorbeeld van 'n inleiding
Mendelssohn was 'n vroeë Romantiese komponis en *Hebrides* is 'n vroeë voorbeeld van 'n konsert-ouverture.

Inspirasie en musikale voorstelling
- Nadat hy die Hebrides-eilande per boot besoek het, het die natuurlike skoonheid van die omgewing Mendelssohn geïnspireer om die musiek te skryf.
- Die bootreis en die wiegende en rollende beweging van die see mag voorgestel word deur die crescendi en decrescendi wat in die eerste tema gehoor word (opwelling van die golwe).
- Die klanke en stemming van die seelandskap mag voorgestel word deur
  - gekrys van seevoëls, bv. deur hoë stryker-tremolos
  - breek van branders in die grot, bv. deur *sf* tutti-akkoorde
  - grys lug en veranderende seelandskap, bv. deur die keuse van 'n mineur toonsoort vir die eerste tema (B mineur), wat kontrasteer met D majeur vir die tweede tema.

Inspirasie = 2 punte
Musikale voorstelling = 2 punte

(4 x 1) (4)

Genre
- Die konsert-ouverture ontstaan in die Romantiese stylperiode uit die ouverture, wat 'n inleiding was tot 'n groter werk (soos 'n ballet of opera).
- Die konsert-ouverture ontwikkel tot 'n enkelbeweging, alleenstaande werk vir simfonie-orkes.
- Die titel word dikwels met buite-musikale elemente (soos 'n skildery, gedig, verhaal of natuurtonele) geassosieer.
- Die vorm van 'n konsert-ouverture volg gewoonlik tradisionele sonatevorm.

(3 x 1) (3)

Styleienskappe in *Hebrides*

- *Hebrides* het beide Klassieke en Romantiese styleienskappe.
- Tipiese Klassieke kenmerke sluit in:
  - die gebruik van sonatevorm;
  - die gebruik van 'n standaard Klassieke orkes;
  - duidelik gedefinieerde melodieë en motief-ontwikkeling;
  - tonale harmonieë en modulasie na meestal verwante toonsoorte;
  - meestal homofoniese tekstuur met sommige polifoniese elemente.
- Tipiese kenmerke van die Romantiese stylperiode wat in hierdie werk gevind word, is:
  - 'n uitgebreide tonale omvang in die orkes om klanke en beelde van die natuur voor te stel. Romantiese komponiste het dikwels musiektegnieke ingespan om klanke van storms voor te stel of om 'n spesifieke atmosfeer te skep.
  - chromatiese harmonieë en modulasie na meer ver-verwante toonsoorte (dit word in die ontwikkelingseksie gehoor).
  - die gebruik van chromatiese note binne 'n diatoniese harmoniese raamwerk wat groter emosionele impak en uitdrukking verleen.
  - die gebruik van 'n wyer dinamiese omvang met skielike en vinnige veranderings.
  - beide temas wat in die uiteensetting gehoor word, met 'n tipiese Romantiese liriese karakter met 'n wye omvang.
  - sonatevorm wat ietwat vryer en gevarieerd is, bv. die uitgebreide kodetta na die tweede tema in die uiteensetting.

(6 x 1) (6)

Voorbeeld van 'n slot

'n Konsert-ouverture het aan Mendelssohn die medium gebied waardeur hy 'n seelandskap deur suiwer instrumentale musiek kon belig. Hy het elemente van gevestigde Klassieke tradisies ingesluit en het 'n nuwe genre in die Romantiese stylperiode help vestig.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Inspirasie en musikale voorstelling			4
Genre			3
Styleienskappe			6
Opstelformaat	***Uitstekend*** • *'n Inleiding, slot en substansiële argument in die middeldeel van die opstel* • *Geen opskrifte of puntsgewyse feite nie* • *Verbeeldingryke gebruik van volsinne*	*= 1 punt*	1
	Gemiddeld • *Gedeeltelike nakoming van opstelformaat, bv. inleiding maar geen slot nie, of slot maar geen inleiding nie* • *Gebruik van opskrifte in 'n opstel wat andersins voldoen aan opstelformaat; gebruik van puntsgewyse feite spesifiek wanneer items gelys word* • *'n Konsekwente gebruik van volsinne*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar • *Geen poging om 'n opstel te skryf nie, slegs 'n enkele paragraaf* • *Geen inleiding of slot nie* • *Puntsgewyse skryfwyse en/of opskrifte deurgaans* • *Gebruik van volsinne is beperk*	*= 0 punte*	
Relevansie van argument	***Uitstekend*** • *Logiese argument wat deurgaans toepaslik op die onderwerp bly*	*= 1 punt*	1
	Gemiddeld • *Argument meestal logies maar met sommige misplaaste en/of irrelevante stellings* • *Slotparagraaf/inleiding nie relevant tot die middeldeel van die argument nie*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar • *Die opstel hou nie verband met die onderwerp nie*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING E: 50
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou